INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 3 5 | 9 7 1 0 1 4 2 8 7 | 8 | 1 3 1 9 5 |

Beeld Jg.............. Nr.......................... P...1...... Dat. 14 OCT 1997

# 'Sasria kan opdok vir apartheid-skade'

## Het reserwes van R8,384 miljard

Jan de Lange

'n Deel van die reserwes van die SA Spesiale Risikoversekeringsmaatskappy (Sasria) moet aangewend word vir reparasie aan diegene wat onder apartheid skade gely het, sê die Afrikaanse Handelsinstituut in sy voorlegging aan die WVK.

Die fonds, wat in 1979 gestig is om onder meer huiseienaars en motoriste teen politieke oproer te verseker, beskik oor reserwes van R8,384 miljard sonder sy oorskotte. Die fonds het in sy laaste geldjaar tot einde Desember 'n inkomste van R295 miljoen verkry en betaal minder as 5% daarvan aan eise uit. Buiten premies, kry die fonds 'n aansienlike inkomste uit beleggings wat sy reserwes in sy huidige boekjaar tot sowat R10 miljard kan opstoot.

Mnr. Trevor Manuel, minister van finansies, het vroeër gesê 'n deel van die fonds sal waarskynlik gebruik word om staatskuld te delg. Die fonds onderhandel nog hieroor met Manuel, maar die regering is duidelik nie die enigste aanspraakmaker op die fonds nie.

Mnr. Theo van Wyk, president van die AHI, het gister gesê die delging van staatskuld is 'n aanvaarbare aanwending van die geld, maar daar is verskillende aansprake op die geld en die gebruik daarvan vir reparasie soos die WVK bepaal, is 'n doelwit waarmee sterk potensiële aanspraak op die Sasria-fonds gemaak kan word.

Daar is ook onlangs in Besigheid Suid-Afrika en deur die korttermynversekeringsbedryf aangevoer dat die geld aangewend moet word om versekeringspremies te subsidieer.

"Dis 'n interessante regsdebat om te probeer bepaal aan wie dié geld behoort, maar 'n sterk morele argument is dat dit deur die WVK vir reparasie gebruik kan word. Buiten die legalistiese aansprake, kan breë konsensus dalk hieroor ontwikkel," sê Van Wyk.

**Die volledige voorlegging van die AHI aan die WVK is op eBeeld beskikbaar by http://ebeeld.com.**

Die fonds is 'n unieke skepping van die apartheidsera om verliese weens politieke onluste te dek. Dié gevaar het nou grootliks verdwyn "en dit lyk logies om 'n deel van die opgehoopte fonds te benut vir reparasie en vir menslike ontwikkeling deur relevante vaardigheidsopleiding," sê die AHI.

Dis 'n netelige saak om te probeer vasstel wie reparasie moet ontvang en van wie dit moet kom. Dit is die verantwoordelikheid van die WVK,

TREFWOORDE
1 Sake Beeld
2 AHI
3 Voorlegging
4 Kommissie vir Waarheid
5 Voorstelle
6 Sasria
7 Reserwes
8 Skadevergoeding
9 Slagoffers
10 Volledige ontwikkeling

**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

IN DEO SAPIENTIAE LUX

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 3 5 | 9 7 1 0 1 4 2 8 7 | 8 | 13195b |

Beeld Jg............ Nr...................... P...1..... Dat.....14 OCT 1997

maar die AHI meen daar moet spesiale aandag gegee word aan die herwinning van die "verlore geslag".

Die AHI spreek in sy voorlegging onvoorwaardelik sy opregte spyt uit vir foute wat hy gemaak het deur apartheid te ondersteun. Hy meen egter nie die sakesektor het baat gevind by apartheid nie omdat dit die land as geheel verarm het. Insoverre individuele ondernemings bevoordeel is, is AHI-strukture nie daarvoor aangewend nie. Hy beskik ook oor geen inligting oor die optrede van individuele maatskappye nie, buiten dit waar reeds in die openbaar bekend is nie.

Die voorlegging is deur 'n komitee opgestel, so wyd moontlik gemandateer en uiteindelik op 3 Oktober deur die AHI se hoofbestuur, sy hoogste beleidmakende gesagsliggaam, goedgekeur. Volgens Van Wyk is dit sedertdien aan al die AHI-sakekamers gestuur.

"Afsonderlike ontwikkeling het neergekom op sosiale manipulasie wat 'n wreedaardige prys van mense geëis het en ook tot 'n geweldige vermorsing van bronne," lui die voorlegging.

Daarbenewens het die AHI onvoldoende begrip getoon vir die ontbering en lyding wat deur apartheid veroorsaak is "of die ontbering wat geblyk het uit plakkershutte wat op 'n nat, koue wintersaand gesloop is, of mense wat geskiet word terwyl hulle protesteer of bomme in Kerkstraat of die verminking van burgerlikes as deel van die stryd teen apartheid. Hierdie ontberings moes die afgryse van apartheid by die AHI tuisgebring het."

Daarbenewens was daar vir jare 'n gebrek aan behoorlike arbeidswetgewing wat deur die AHI aanvaar is. Mede-Suid-Afrikaners is ernstig benadeel deur hierdie dade en versuim. Die AHI is spyt oor hierdie foute en bied verskoning aan almal wat as gevolg daarvan gely het.

TREFWOORDE

1 ...............
...............
2 ...............
...............
3 ...............
...............
4 ...............
...............
5 ...............
...............
6 ...............
...............
7 ...............
...............
8 ...............
...............
9 ...............
...............
10 ...............
...............